

CHARGE SHEET: REGIONAL DIVISION.

No. SBJ. 209/63 1963
 Have finger-prints been taken? Yes
 Police Station Pretoria
 R.C.A. No. 902/1/63

IN THE COURT OF THE MAGISTRATE.

For the Division of PRETORIA, held at PRETORIA
 Before W.A. van Heledingen, Esquire,
 Magistrate for the said Division, on the 1st day of April 1963

THE STATE *verses*

Insert following particulars after each accused's name:—
 Sex.
 Race (whether South African born or otherwise).
 Occupation.
 Approximate age

MATHEUS MAKALINA
Yoss male, 25 years, S.A. Born.

(hereinafter called the accused),
 charged with the offence of s/a 2 of Act 34 of 1955 read with
s. 8(1)(a) of Act 34 of 1955

in that, upon (or about) the _____ day of _____ 19____
 and _____

_____ in the said Division,
 the said accused did wrongfully and unlawfully _____

Charge as per annexure.

The accused, being arraigned, pleaded Onskuldig.

Judgment skuldig.

Sentence 2 jaar gevangenisstraf.

Certified a true copy
 G. G. van der Merwe
 1963



(get.) W.A. v. Heledingen
StreekLanddroes.

(get.) W.A. van Heledingen.
 Magistrate of Regional Division.
 2/4

FOR THE STATE: V. Marinus.
Self.
 FOR DEFENCE: _____
 INTERPRETER: Nogotai.

IN THE REGIONAL COURT FOR THE DIVISION OF PRETORIA

HELD AT PRETORIA.

CASE NO. BHJ. 205/63.

THE STATE

versus

MATHEWS MAKALIMA

<u>INDEX:</u>	<u>PAGE.</u>
Charge sheets	A - B.

EVIDENCE:

ABRAHAM DANIEL GELDENHUYS	2 - 3
JAN GLAS	3 - 4
FRANCOIS A. SMIT	- 4 -
GEORGE SABASTIAAN NIEWOUDT	4 - 6
JOHANNES JORDAAN	6 - 8
FREDERICK VAN NIEKERK	9 - 11

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

- 13 -

EXHIBITS (documentary)

- A. Authority
- B. Passenger's declaration form
- C. Fingerprints.
- D. Copy of Passport.
- E. Document from Interior.
- And other documents.

NOTHING TO ADD TO EX TEMPORIS REASONS FOR SENTENCE.

NOTICE OF APPEAL.

ANNEXURE TO CHARGE.

THE STATE versus : MATHEWS MAKALIMA.

Charged with the offence of contravening Section 2 of Act No. 34 of 1955 read with Section 8(1)(a) of the said Act No. 34 of 1955;

In that upon or about June/July 1962 and at the border between the Republic and the Bechuanaland Protectorate, the said accused, being a person over the age of sixteen years, did wrongfully and unlawfully leave the Republic for the purpose of proceeding to any place outside the Republic other than a place in the territory of Basutoland, Bechuanaland or Swaziland, to wit places in the countries or states listed hereunder, without him being, at the time he left the Republic in possession of a valid passport or permit.

Southern Rhodesia.

Northern Rhodesia

Tanganyika

Kenya

Ethiopia

SAAK NR: S.H.J. 205/63

DATUM: 2.4.63.

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE STREEKAFDELING PRETORIA
GEHOU TE PRETORIA.

VOOR: MNR. W.A. VAN HELSDINGEN

DIE STAAT TEGEN MATHEWS MAKALINA

KLAGTE: OORTREDING ARTIKEL 2 WET 34 VAN 1955.

PLEIT: ONSKULDIG.

VIR DIE STAAT: MNR. V. MARINUS

VIR DIE VERDEDIGING: IN PERSOON

TOLK: GEIRGE MBUTWALE

OORSKRYFSTER: MEV. M.E. MARITZ.

STAATSAANKLAER STEL AANKLAG.

BESKULDIGDE PLEIT ONSKULDIG.

STAATSAANKLAER ROEP:

ABRAHAM DANIEL GELDENHUYS V.O.B.

Mnr. Geldenhuys u is 'n adjutant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie te Messina? ---Reg Edelagbare.

6 n.m. op 28 Januarie 1963 het u die Republiek verlaat en gegaan na Suid-Rhodesië in? ---Ja Edelagbare.

Het u die beskuldigde daar gesien? ---Ek het Edelagbare.

By watter plek was hy? ---Hy was by die Federale Immigrasie kantoor te Suid -Rhodesië Edelagbare.

In die gebied van die Staat Suid-Rhodesië? ----Binne die gebied van die Staat Suid-Rhodesië.

Was die beskuldigde saam met iemand anders gewees? ---Beskuldigde was saam met 8 ander Bantoe-mans.

Het u die groep daarna vergesel na mnr. Glas, die Paspoort-beheerbeampte te Beitbrug in die gebied van die Republiek? ---Ek het Edelagbare.

Wat het van die beskuldigde daarna geword? ----Nadat hy 'n onderhoud met mnr. Glas gehad het, het ek hom aan adjutant-offisier Holmes oorhandig wat hom na Pretoria verwyder het Edelagbare.

KRUISONDERVRAGING:

Het ek geen dokumente gehad tydens arrestasie nie? ----Ek het nie die beskuldigde vir sy dokumente gevra nie Edelagbare.

Ek sal die baas verseker dat tydens arrestasie ek het 'n reisdokument gehad. Toe ek hier weggegaan het van Suid-Afrika.....

HOF:

Die kan jy vir my lateraan vertel, het jy enige vrae te

vra aan hom? Jy kan my later - ek sal jou geleentheid bied om alles aan my te vertel as jy wil.

BESKULDIGDE:

Het die baas my nie arresteer nie terwyl ek die dokument gehad het? ----Ek het beskuldigde nooit gearresteer nie Edelagbare, hy was in Suid)Rhodesië gearresteer.

Was my reisdokument nie aan die baas oorhandig nie? --- Geen dokumente is aan my oorhandig nie Edelagbare.

JAN GLAS V.O.E.

Mnr. Glas is u Paspoot-beheerbeampte in diens van die Departement Binnelandse Sake? ---Ja Edelagbare.

Is u gestasioneer te Beitbrug op die grens tussen die Republiek en die Staat Suid-Rhodesië? ----Ja.

Op 28 Januarie 1963 was die beskuldigde na u kantoor gebring te Beitbrug? -----Ja.

Moes die beskuldigde ingevolge Wet 22 van 1913 die verklaring in vorm D.I. 10 voltooi? ----Ja Edelagbare

Was die beskuldigde in staat gewees om dit self te doen of het u dit namens hom gedoen? ----Hy het dit gedeeltelik self voltooi Edelagbare.

Watter inligting het hy daarin geskrywe? ----Sy volle name.

Dit is? ---Mathews Makalina, manlike persoon ongetroud, 24 jaar oud, gebore te Alice, Suid Afrikaanse burger, Bantoe, sy hele leeftyd in Suid-Afrika woonagtig, Suid-Afrika verlaat gedurende Oktober 1962. Sy adres is gegee as Alice.

Dit is in die Kaapprovinsie? ----Ja Edelagbare.

U handig in die verklaring bewysstuk B. Het die beskuldigde enige reisdokumente gehad? ----Hy kon geen reisdokumente aan my toon nie Edelagbare.

Het hy n paspoort gehad om die Republiek te verlaat?--- Hy het geen paspoort gehad nie Edelagbare.

J.Glas.

Kon hy niks aan u toon nie? ----Hy kon geen paspoort aan my toon nie.

KRUISONDERVRAGING:

Weet die baas dat ons Bantoes kry nooit nie reisdokumente? ----As Bantoes aansoek doen vir reisdokumente word die nodige/^{aandag}~~aansoek~~ daaraan gegee net soos vir enige ander persoon Edelagbare.

FRANCOIS ALWYN SMIT V.O.E.

Speurder-sersant Suid-Afrikaanse Polisie te Pretoria?
----Dis reg Edelagbare.

Was jy teenwoordig gewees toe vingerafdrukke van die beskuldigde geneem is? ---Dis reg Edelagbare.

Waar, wanneer en deur wie is dit geneem? ----By Marabastad deur speurder adjudant-offisier Bekker op die 29ste Januarie 1963.

Is dit die vingerafdrukke op die dokument wat jy inhandig as bewysstuk Y C? ---Korrek Edelagbare.

GEEN KRUISONDERVRAGING NIE.

GEORGE SEBASTIAAN NIEWOUDT V.O.E.

Mnr. Niewoudt u is Vingerafdruk-beampte en 'n vingerafdruk deskundige in diens van die Departement Bantoeadministrasie? ----Ek is Edelagbare.

Is u verbonde aan die sentrale bewysburo te Pretoria?
----Ek is Edelagbare.

Is die bewysburo opgerig ingevolge Wet 67 van 1952? ---
Dit is Edelagbare.

Word daar 'n register gehou ten opsigte van alle Bantoes aan wie bewysboeke uitgereik is? ----Daar word Edelagbare.

Hoe is die inligting verstrek wat in die register opgeneem is? ----Dit is vrywillig verstrek deur die persoon
/wat.....

wat versoek gedoen het vir 'n boek Edelagbare.

Is die inligting in die register toeganklik vir die publiek? ---Dit is Edelagbare.

Is daar ten opsigte van iedere persoon ook 'n stel vingerafdrukke in u kantoor geliaser? ---Dis reg Edelagbare.

Het u die stel vingerafdrukke bewysstuk C van speurdersersant Smit ontvang? -----Ek het Edelagbare.

Het u dit vergelyk met dié in u kantoor bewaar? ---Ek het.

Het u enige stel gevind wat identies is? ---Ek het 'n stel gevind wat identies is Edelagbare.

Ten opsigte van watter persoon? ----Van die persoon aan wie bewysboek nr. 2276755 uitgereik was.

Het u 'n fotostatiese afdruk gemaak van die register? ---Ek het.

Het u dit gesertifiseer? ----Gesertifiseer Edelagbare.

Wat is die besonderhede wat daarin vervat is? ----Persoonsnommer 2276755, geboorte plek Alice, name Masengo Mathews Makalina, burgerskap Suid-Afrikaans, groep Xosa, gebore in die Republiek. Bewysboek is uitgereik op die 7de van Desember 1955.

Wat was die persoon se laaste adres? --- Boston, Port Elizabeth.

Datum daarvan? ----Die datum toe die boek uitgereik is, 7 Desember 1955 Edelagbare.

Is daar 'n foto van die houer van die boek op die kaart? ---Daar is Edelagbare.

Sal u daarna kyk en kyk of daar enige ooreenkoms is met die beskuldigde? ----Daar blyk ooreenkoms te wees Edelagbare.

U handig dan in die afskrif dit is bewysstuk D Edelagbare.

GEEN KRUISONDERVRAGING NIE.

STAATSAANKLAER:

Ek handig in bewysstuk B Edelagbare, 'n eedsverklaring van Johannes Christiaan Pretorius van die Departement Binnelandse Sake, Pretoria. Hy sê dat indien enige paspoort geriewe deur die Departement uitgereik is aan Mathews Makalima dit in die gewone loop van sake tot sy aandag sou gekom het en dat 'n aantekening daarvan gehou sou gewees het. Hy het die rekords van die Departement nagegaan en vasgestel dat geen geldige reisdokument aan Mathews Makalima uitgereik is om die Republiek met inbegrip van Suidwes-Afrika te verlaat nie.

JOHANNES JORDAAN V.O.E.

U is 'n speurder adjutant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie te Port Elizabeth? ----Ja Edelagbare.

U het die beskuldigde in hierdie saak gespreek te Pretoria? ----Ja Edelagbare, ek ken hom van Port Elizabeth af. Hy het gewerk by die New Age kantore.

Wanneer laas het u hom daar gesien? ----Ek het hom dikwels in Port Elizabeth gesien Edelagbare, voor Junie 1962, en toe daarna weer vir die eerste keer gedurende Februarie in Pretoria.

Het u toe weer die beskuldigde gesien in Pretoria? ----Ja Edelagbare dit was op die 12de van Februarie 1962, dit was die laaste keer. Ek het hom toe meegedeel dat ek rede het om te glo dat hy die Republiek van Suid-Afrika sonder die nodige reisdokumente verlaat het. Ek het hom gewaarsku dat hy nie nodig het om enige verklaring te maak nie of om enige verduidelikings te gee nie, dat indien hy so sou doen dit neergeskrywe sal word en dit miskien later as getuienis gebruik kan word. Ek het hom

J. Jordaan.

toe gevra of hy bereid was om my te vertel wat sy bewegings sedert Junie 1962 was. Hy het my meegedeel dat hy Port Elizabeth gedurende Junie verlaat het, eers na Johannesburg gegaan het, daarna deur Bechuanaland na Buluwayo in Suid-Rhodesië, daarna na Lusaka, Noord-Rhodesië en na Dar-es-Salaam in Tanganyika. Nadat hy 'n ruk daar gebly het is hy na Nairobi en van Nairobi.....

Dit is in Kenia? ----Ja Edelagbare. En van Nairobi het hy gegaan na 'n plek genoem Dabraze in Ethiopië. Nadat hy daar 'n paar maande was, het hy toe teruggekeer na Dar-es-Salaam in Tanganyika, daarna deur Noord-Rhodesië terug na Suid-Rhodesië, Buluwayo waar hy aangehou is.

Mr. Jordaan is daar enige dokumente in die aard van reisdokumente in besit van die beskuldigde gevind? ----Edelagbare ek self het nie in sy besit gevind nie, maar dit is tot my beskikking gestel deur die Polisie hier in Pretoria.

Was dit sekere dokumente? ----Ja Edelagbare.

Wat het die beskuldigde daar in verband gesê? ---Hierdie dokumente was aan hom getoon, dit is dokument F1 tot F5.

Is dit stukke F1 tot F5? ---Dit is reg, tot F6 Edelagbare.

Tot F6. Het hy gesê dis syne? ----Hy het dit herken as sy eiendom.

Beskryf daardie stukke. -----Dokument F1 is 'n kwitansie Edelagbare 'cash for room No. 11' R7.50 en dit is uitgereik in Mbiya op die 19de Januarie 1963, dokument F2 'Dar-es-Salaam Motor Transport Co. Ltd.' naam Mr. Makalima --'service from Dar-es-Salaam to Mbiya' uitgereik op die 18de Januarie 1963. Rhodesia Railways is F3 Edelagbare 'Rhodesian Railways, passenger ticket from Lusaka to Palapi' 25/2/63 Edelagbare. City Council of Dar-es-Salaam, Tanganyika, vaccination centre. This is to certify that Mr. Mathews Makalima,....

J. Jordaan.

birth 24 years, sex - male, signature follows. As on this date indicated vaccinated or re-vaccinated against small pox.

Ja u kan dit net beskryf as 'n inentings-sertifikaat.

-----F5 Edelagbare is dieselde soort dokument.

waar uitgereik? -----City Council of Dar-es-Salaam.

Datum? -----Op die 27ste Julie '62 Edelagbare, en dan die ander ene is 'n reis-dokument Edelagbare.

Waar is dit uitgereik? -----Gedateer die 6de Augustus 1963, dit is uitgereik deur die paspoortkantoor, Dar-es-Salaam en dit was gewees om die - 'permitted to enter Uthiopia untill 90 days, Nairobi until 27th August 1962!

GEEN KRUISONDERVREGING NIE.

S T A A T S A A K

BESKULDIGDE HET GEEN GETUIES NIE.

BESKULDIGDE SE REGTE WORD AAN HOM VERDUIDELIK.

BESKULDIGDE WIL NIE GETUIG OF 'N VERKLARING MAAK NIE.

V E R D E D I G I N G S A A K

STAATSAANKLAER SPREEK HOF TOE.

BESKULDIGDE:

Toe ek hier weggegaan het Edelagbare van die Republiek, dit is omrede dat 'n persoon van die kleur van myself - ek het geen woonplek nie - daar is kos, daar is alles, maar ek ly altyd honger, dit is daeroor Edelagbare dat ek vandag voor die Hof is. Vandag vind die Hof my skuldig om ek die Republiek waar ek gebore is verlaat het, maar ek is baie seker, want soos die wêreld nou staan - daar is swartes en daar is ook die wittes, vandag as die Hof my skuldig

9/bevind.....

bevind - 'n blanke word ook skuldig bevind Edelagbare, ek kry nie al my regters nie, omrede ek 'n Bantoe is. Ek is daaroor bly Edelagbare al kan die Hof my hoe lank tronk toe stuur Edelagbare, want wat my sal volg sal lekker bly op die wêreld, want op daardie tyd sal daar die waarheid wees. Dit is al Edelagbare.

UITSpraak:

Ek vind jou skuldig soos aangekla.

GEEN VORIGE VERDOELINGS NIE.

Verrigtinge insake vonnis gesked in teenwoordigheid van sewe ander beskuldigdes wat elk apart aan 'n soortgelyke aanklag as die onderhawige een skuldig bevind is. Verrigtinge geskied ten opsigte van elk van die beskuldigdes nou voor Hof vir vonnis.

STAATSAANKLAER:

Edelagbare ek versoek om in hierdie stadium getuienis aan te voer wat betrekking sal hê op die erns van die misdryf wat hier gepleeg is. Ek roep majoor Van Niekerk Edelagbare.

FREDERICK VAN NIEKERK V.O.B.

Majoor in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Pretoria.

Majoor dra u kennis asgevolg van ondervragings van die beskuldigdes in verband met hulle bewegings na hulle die Republiek verlaat het? ----Ja Edelagbare ek dra kennis.

Is u daarvan bewus dat hulle onder andere ook gegaan het na Ethiopië? ----Ek is Edelagbare.

F. van Niekerk.

Het uit die ondervraging van die beskuldigdes geblyk deur wie hulle vertrek, hulle vervoer en reiskoste gereël is? ----Ja Edelagbare.

Deur wie is die reëlings getref majoor? ----Deur die A.N.C. Edelagbare.

Majoor is die A.N.C. 'n organisasie wat in die ban g'doen is?---- Die A.N.C. Edelagbare is verban deur die Staats-president by wyse van 'n proklamasie dateer die 8ste April 1960 gepubliseer in 'n buitengewone staatskoerant nr. 6414, by wyse van hierdie proklamasie Edelagbare is die A.N.C. in die ban gedoen met inbegrip van alle takke, afdelings, komitees daarvan en alle plaaslike streek of hulp liggame wat deel daarvan uitmaak tot 'n onwettige organisasie.

Majoor uit die ondersoek van hierdie saak het u enige aanduiding gevind vir die doel waarvoor die beskuldigdes die Republiek verlaat het? ---- Edelagbare die doel was aanvanklik verbloem deur sogenaamde 'scholarships' wat hulle sou opgegaan het, dit is gevind dat die beskuldigdes van verskillende sentrums in die Republiek gestuur gewees het na Johannesburg, wat beskou word as die eerste beheerpunt. Daar is hulle ontmoet en gehuisves deur lode van die A.N.C. Van Johannesburg is hulle gestuur na Bechuanaland as die tweede beheerpunt met vervoer wat deur die A.N.C. verskaf is asook geld aan hulle verskaf om te betaal vir hulle reis vanaf Bechuanaland deur die Rhodesië's tot in Dar-es-Salaam volgende beheerpunt. Daar het die A.N.C. 'n kantoor, die A.N.C. van die Republiek. Dit is gevind dat die mense wat daarheen gestuur word nie weet waarheen hulle geen voordat hulle daar kom nie. Daar word finale instruksies aan hulle gegee. In die geval van die beskuldigdes na hulle terugkeer vanaf Ethiopië is hulle terug-reis weer gereël vanaf Dar-es-Salaam na die volgende beheerpunt, Bechuanaland,

F. van Niekerk.

asook is geld aan hulle gegee deur die A.N.C. in Dar-es-Salaam.

Majoor vir watter rede het die ondersoek opgelewer is die beskuldigdes na Ethiopië? ---- Hulle is gestuur Edelagbare met die doel om opleiding in oorlogsvoering in al sy fasas te ondergaan, terug te kom na die Republiek om hulle kennis wat hulle so opgedoen het hier te kom oordra aan ander.

..... deur wie verskaf? ---- Deur die Ethiopiese leër Edelagbare.

HOF:

Aan u verskaf en is daar enige inligting aan u deur die beskuldigdes verskaf? ---- Sal u asseblief net die vraag herhaal.

Die inligting oor die opleiding wat die beskuldigdes daar sou ondergaan het, is dit inligting wat aan u deur hulle verskaf is? ---- Deur die beskuldigdes Edelagbare.

Deur hulle self? ---- Ja.

GERN KRUISONDERVRAGING NIE.

INSAKE VONNIS -

BESKULDIGDE:

Vra dst Hof my nie vonnis nie.

SENTENCE:

Tell the accused the offence of which they are convicted is a fairly serious one. It is punishable by imprisonment for a maximum period of two years. It is one of a class of offences relating to maintenance of law and order and the protection of the State generally. Judging by the maximum penalty and by the evil consequences of a **contraven-**tion which it must be assumed that the Legislature envisaged, it seems to me clear that the Court are obliged

Sentence.

to regard this offence as a serious one. The Court in fixing punishment in this case takes into consideration the serious nature of the offence, the circumstances under which it was committed and the degree of deliberation shown and it has come to the conclusion that they are not entitled to a suspended sentence in this case. I do not think that a lenient sentence would deter them in this case. Some of the accused, we have just heard - that is by way of Major van Niekerk, admitted to him that they were members of the league of the A.N.C., which is a banned organisation, that they left the Republic for a specific purpose, that they underwent military training including instruction in sabotage at a camp in Ethiopia. It has also been revealed here in evidence that they were trained in handling firearms, bombs, hand grenades, radio equipment and camouflage.

This evidence as a whole reveals without a doubt that the accused's main object was to do this government in the Republic harm, to overthrow it, that is the only conclusion that one can come to and to overthrow it by unlawful means. The deliberate and defiant manner in which the accused committed the offence is in itself an aggravated circumstance, for it was shown that there was a very carefully, impertinent and premeditated scheme upon which they had embarked. How else is the seriousness of contraventions of this nature to be impressed upon wrongdoers unless it is visited with punishment that will deter them in some way or another. The accused should be made to realise that we are living under trying circumstances and that these laws are specially designed to maintain law and order. They must be taught to abide by these laws, otherwise anarchy would reign.

There can be no doubt that the accused's actions are of a kind calculated to inspire alarm. They manifest without a doubt a mischievous disposition.

Sentence.

It is also clear that defiance of the law in this manner is the surest way to tyranny and destruction, if they were allowed to continue as they are doing now.

In determining the accused's sentence the Court has to take everything into account, everything that would adversely affect them. Many people now a days seem to think that this type of offenders should receive preferential treatment, because of it's political nature. I do not think so.


I would be making a ridicule of the law if I treated your crime in this instance leniently. The whole country is riddled with this sort of thing. One is only to look in the Press to see confirmation of this. I conceive it the duty of this Court to punish with severity occurrences such as these, which ought not to take place. If you choose to continue in this fashion then you must not complain when the Law steps in and treat you harshly.

Each of you two (2) years imprisonment.

CERTIFICATE:

I the undersigned, hereby certify that the foregoing is a true and correct transcript of the original evidence recorded by mechanical means in the case of:

THE STATE versus MATHews MAHALINA.


TRANSCRIBER.

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.

IN THE REGIONAL COURT FOR THE DISTRICT OF PRETORIA

HELD AT PRETORIA

CASE NO.

In the matter between :-

STATE

Respondent

vs.

MATTHEWS MAKALIMA

Appellant

NOTICE OF APPEAL

BE PLEASED TO TAKE NOTICE that the abovementioned accused hereby notes an appeal to the Transvaal Provincial Division of the SUPREME COURT against the sentence imposed upon him by the Regional Magistrate Mr. Van Helsdigen in the Regional Court for Pretoria, sitting at Pretoria on the 5th April, 1963. The grounds of the aforesaid appeal are as follows :-

1. The sentence was excessive having regard to all the circumstances of the case; more particularly since :-
 - (a) The accused is a first offender under the provisions of Act 34 of 1955 and has never committed any other similar or related offence.
 - (b) The minimum sentence for the offence for which the accused was convicted was three months and the maximum sentence was two years.
2. The Magistrate erred in the circumstances in imposing the maximum possible sentence upon the accused.

3. /.....2....

3. The Magistrate erred in having regard in passing sentence, to the evidence of the witness Major Van Niekerk, which was inadmissible against the accused.

DATED at JOHANNESBURG on this the 17th day of APRIL, 1963.

(SGD): J. CARLSON

J. CARLSON,
Attorney for Appellant,
Suite 101-105 S.A. Fire House,
33, Rissik Street,
JOHANNESBURG

AND / OR

ROSEMAN AND HEUNIS,
Suite 301, United Dominions
Corporation Building,
28, Church Square,
PRETORIA.

TO: THE CLERK OF THE ABOVE
HONOURABLE COURT

RECEIVED COPY HEREOF ON THIS THE
DAY OF APRIL, 1963.

CLERK OF THE REGIONAL COURT
PRETORIA.

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.